BYBELSTUDIE OPENBARING LES 17

Die gesig van die troonsaal in die hemel [4-5] dien as inleiding vir wat nog moet kom. Die oopmaak van die boekrol lei tot die ontplooiing van die sewe seëls, die sewe trompette en die sewe wraakbakke in hoofstuk 6-16. Volgens die beeldspraak moet ons aflei dat die boekrol eers heeltemal oopgemaak was toe al sewe seëls verbreek is. Die inhoud van die boekrol word met ander woorde eers volledig vanaf hoofstuk 8 ontplooi. Met die oopmaak van elke seël, maak ons wel kennis met vooraf-oordele. Die eintlike ontplooiing van God se oordele volg egter eers vanaf hoofstuk 8.
Waarom val die klem in hoofstuk 6-16 so sterk op God se oordele? Die voltrekking van God se oordele gaan die beskrywing van die nuwe Jerusalem vooraf. Eers word die lot van die anti-Christelike ryk en sy heersers in besonderhede bekend gemaak. Daarna lees ons van die heerlikheid van die nuwe hemel en die nuwe aarde [20-22]. Maar tussen die oordele van God, sien ons telkemale verwysings na die verlossing [bv. In Op.8:1 ev, 11:15 ev en 16:17 ev].
Die inhoud van 6-8 herinner ook aan die bekende toespraak van Jesus oor die eindtyd [Matteus 24, Markus 13 en Lukas 21]. Ons lees in die Evangelies sowel as in Openbaring van oorloë [Matt.24:6-7 en Op.6:3-4], valse Christusse [Matt.24:4-5 en Op.6:1-2], aardbewings en hongersnood [Matt.24:7b, Luk.21:11 en Op.6:5-6, 7-8], vervolging [Matt.24:9-28 en Op.6:9-11], angs en radeloosheid [Maat.24:29, Luk.21:25 en Op.6:12-17], die wederkoms [Matt.24:30-31] en die pes [Luk.21:11 en Op.6:8]. Die rampe en vervolgings van Lukas 21 vind ons terug in die ses seëls van Openbaring 6-7. Die seëls self is nog nie ten volle deel van die boekrol nie, maar die inleiding tot die trompette, bakke en die finale gebeure in hoofstuk 17-20.

BYBELSTUDIE OPENBARING LES 17.

1. LEES: Openbaring 9:20,21; 14:9,10;16:5-9.
   Wanneer ons na die oordele van God in die boek Openbaring kyk, is die voorstelling daarvan deur seëls, trompette en bakke baie besonders. Teen wie is die oordele van God gemik – teen die gelowiges of teen die ongelowiges of miskien teen albei?

2. LEES: Lukas 3:7; 1Tessalonisense 1:10; Openbaring 5:6.
   Wanneer speel die oordele van Openbaring 6-16 af? Nou in die tydperk na Jesus se hemelvaart of dui dit op die eindoordeel met Jesus se wederkoms? Waarom sê u so?

3. LEES: Openbaring 6:8; 9:15 en 16:12-14.
   Die seëls, trompette en bakke staan bekend as die groot sewes. Die vraag is of hierdie dries ewes – oordeelsvoltrekkings – chronologies op mekaar volg, of vind hierdie oordele gelyktydig plaas met n verhoging in intensiteit?
   Lees bogenoemde gedeeltes, let op die intensiteit van elkeen, en sê wat u dink.

4. LEES: Matteus 24:6-7,9,29; Openbaring 6:4,6,8,9-10,12-14.
   Matteus 24 is die baie bekende profetiese rede van Jesus en handel oor die groot verdrukking wat die volgende insluit: rusies, oorloë, hongersnood, vervolging, aardbewings en versteurings in die hemelruim. Die ooreenkoms tussen Jesus se profetiese rede en die sewe seëls is merkwaardig. Lees bogenoemde gedeeltes in Openbaring 6 en plaas dit langs die volgende temas van Matteus 24.

   Rusies:

   Hongersnood:

   Oorloë:

   Vervolging:

   Aardbewings:

   Versteurings in die hemelruim:

5. Iets merkwaardigs gebeur tussen die sesde en sewende seël asook die sesde en sewende trompet. Daarna bou alles op na die dieptepunt van oordeelsvoltrekking by die sewe wraakbakke. Na elke sesde seël en trompet en voor die wraakbakke, is daar ‘n onderbreking. Lees maar hierdie gedeeltes. Hier lyk dit asof niks meer

staan na God se oordeel nie. Maar in die onderbrekings is dit asof God eers sy kerk weer troos.
Lees die volgende gedeeltes en kyk watter troos u daarin vind:
Openbaring 7:4-8 [Die Bybel in Praktyk p2004].
Openbaring 11:1-14 [Die Bybel in Praktyk p2007].
Openbaring 12:11 [Die Bybel in Praktyk p2010].

6. LEES: Openbaring 6:9-11; 8:3-5; 16:5-7; 14:6,7 en 16:9,11.
   Wat is volgens Openbaring die doel van God se oordele?

ANTWOORDE.

1. God se oordele is in Openbaring nie gemik teen gelowiges nie maar teen die ongelowiges. Die oopmaak van die seëls van oordeel vind plaas in die hemelse troonsaal. God en Christus is volledig betrokke by elke beskrywing van oordeel, maar ook van verlossing.
2. Die oordele van Openbaring 6-16 dui baie duidelik op die tydperk na Jesus se hemelvaart. Dit beteken dat die oordeelsvoltrekking nou reeds besig is om plaas te vind, net soos ons reeds deel het aan Christus se verlossing. Baie duidelik aanvaar

Christus die boekrol in Openbaring 5:6 net na sy opstanding en hemelvaart – dit is sy verhoging aan die regterhand van God. Daarmee saam toon Lukas 3:7 en 1 Tessalonisense 1:10 duidelik aan dat die oordele van God in hierdie bedeling plaasvind. Natuurlik is die uiteindelike hoogtepunt wanneer Christus weer kom.

3. Die drie reeks seëls, trompette en wraakbakke, loop duidelik eerder parallel met mekaar. By die seëls tref n kwart die aarde. By die trompette tref n derde die aarde en met die wraakbakke word die hele aarde getref. In die oordele verhoog die intensiteit. Vergelyk n mens die dries ewes met mekaar wat inhoud betref, veral die trompette en die bakke, is daar besondere ooreenkoms.
4. Rusies: tweede deel van Matteus 24:4.
   Oorloë: Matteus 24:8.
   Hongersnood: Matteus 24:6.
   Aardbewings: Matteus 24:12-14.
   Versteurings in die heelal: Matteus 24:14.
5. Openbaring 7:4-8:
   Die verseëling van die 144 000 bevestig dat die gelowiges God se eiendom op die aarde en in die hemel is [48].
   Openbaring 11:1-14:
   Die temple wat gemeet word, beklemtoon dat die gelowiges God se eiendom is en dat Hy vir hulle sorg.
   Openbaring 12:11:
   Vader, Seun en Heilige Gees staan teenoor Satan wat reeds oorwin is en nous y aanval rig teen die kerk op aarde [woestyn]. Maar die gelowiges word steeds deur God versorg omdat hulle sy eiendom is.
   Met hierdie drie tussentonele, troos God sy kerk ten spite van die oordele.
6. Die martelare bid om geregtigheid en wraak. God gee gehoor deur sy oordele [6:9-11; 8:3-5].
   Om die goddelose te straf [16:5-7].
   Om die goddelose nog ‘n geleentheid te gee om hulle te bekeer [14:6,7; 16:9,11].

****